# Hey!Brokkies
# Nuus 30 Augustus

"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

2012

## Maak die sitplekgordels vas! Hierdie "rollercoaster ride" gaan nog meer en lekkerder inhou vir ons almal !!

**1.Heelwat nuwe geleenthede wat oor Hey! se pad kom waarvoor ons gebed vra:**



Hey! se visie is om hoop te bring aan die jong generasie deur die Goeie Nuus van Jesus met hulle te deel sodat hulle 'n skynende lig vir Jesus kan wees! Soos wat die bediening groei en meer vrywilligers betrokke raak kom daar ook meer geleenthede oor ons pad wat by ons visie inpas. Ek deel graag die volgende: **1.Gordonsbaai Primêr** het ons genader om hul **gebedsweek** in Oktober te help fasiliteer en ons is opgewonde daaroor want die Bybel sê mos "My huis sal 'n huis van gebed wees!"(Jes 56:7) Bid asb vir hierdie geleentheid en voorbereiding daarvoor. **2.Henriette en Ina** gaan by **Blauwklippen** se werkers se kinders se **Bybellesse** betrokke raak op die plaas. Daar is sowat 25 kinders van 3 tot 13 jaar oud. Bid vir wysheid met korrekte kurrikulums hier! **3.**Ek en Magdel sien Woensdag mense betrokke by **Courtrai laer** in **Paarl** wie in 2013 Bybelklasse en Hoop vir Kinders wil uitrol!!






Vanessa by John Witbooi wie spesiale gaskunstenaar was by Bonnytoun !

**2.Bonnytoun :** Ons was uitgenooi na Bonnytoun se **1ste verjaardag vieringe** in Kraaifontein. Die vreugde en liefde was tasbaar by hierdie geleentheid en ek kon ervaar hoe die geestelike insette wat die leierskap insit asook Vanessa se Bybelklasse vrugte afwerp. John Witbooi van lawrencia laer het gesing en almal was in vervoering! Die Sondag eredienste asook weeklikse Bybellesse gaan van krag tot krag.



Lawrencia laer: kinders se geestelike groei is verblydend. God is goed!



Belinda se Rynfield laer groep

**3.Belinda in Gauteng:** Nuwe brokkies nuus is: Annebel Foundation poog om hulpbehoewende meisies te help by skole. Hierdie groep van 25 by **Rynfield Laer, Benoni,** het die behoefte gehad om God beter te leer ken. Hey! het hier begin help om Bybels te koop en Belinda het hierdie maand begin om **Bybel-lees-is-Pret** vir hulle aan te bied. Hulle geniet dit baie!! Belinda kry 'n oop deur by **Laerskool Brentwoodpark in Benoni** vir 2013 waaroor ons baie opgewonde is! Die wiele is nou aan die rol in Benoni-dankie Jesus!

**4.Lochnerhof se"geel-kaart" getuienis:** Soms kan ek net glimlag oor hoe God dinge altyd perfek laat uitwerk nieteenstaande slegte omstandighede! 'n Spesiale poppekas vertoning vir die hele skool is gehou. Daar was 21 Gr7 seuns wat nie mag bygewoon het a.g.v. geelkaarte vir gedrag. James Nolte het boodskap aan hul gebring terwyl res van skool in saal was. Tydens sy gesprek met hulle vra hy toe of daar enige van hulle is wat hul hart vir Jesus wil gee? Al 21 seuns antwoord JA!Amazing! **Hierdie was verseker 'n Goddelike afspraak!** God verander 'n minus altyd in 'n plus! Ons bid vir hulle groei.



Lochnerhof wag vir Hessel vd Walt se poppekas...wyl 21 seuns nie kon kyk. God weet die beste

**God stel belang in elke kind wat deel van Hey! se bediening is en roep elkeen. Jesaja 43:1 "..Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne" Ons is maar net instrumente in Sy hand**



Beaumont gr3 se krone handwerk



Nehemia se mure by De Hoop !

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee!**

**Celeste Steinmann**
**082 322 5299**